Geagte Pasient

As ‘n essensiele diens en in lyn met Covid-19 regulasies sal ons kamers oop wees vir konsultasies vanaf 4 Mei 2020. Dit bly egter ons almal se plig om ons pasiente en ook staf te beskerm teen onnodige risiko om aan die Covid-19 virus blootgestel te word. Dit sluit o.a. die volgende in:

- Die dra van **maskers** te alle tye
- Handhawing van **sosiale afstande**. Ons sal dus afsprake so skeduleer om sover moontlik enige opeenhoping van pasiente in die wagkamer en ook inter-pasient kontak te vermy.
- Waar moontlik besoek aan kamers sonder vergesellende persone.
- Ons sal **sanitasie** protokolle handhaaf.
- **Siftings**prosedure word uitgevoer by hospitaal ingang om moontlike infektiewe gevalle te identifiseer, te toets en te isoleer.
- Indien u enige **simptome** ervaar of in kontak was met ‘n Covid-19 positiewe geval, eers uitklaring te verkry tov u Covid-19 status asb.
- Die **probleem** waarmee u ons wil raadpleeg moet uiteraard teen die risiko opgeweeg word om hospitaal/publieke area te besoek. Ons vertrou en laat dit aan u oordeel oor om sodanige besluit te neem. Dit is veral belangrik vir bejaarde en gekompromonteerde persone.
- Ons het die groen lig gekry om voort te gaan met **elektiewe chirurgie**. Daar is egter sekere risikos daaraan verbonde en die hervat van elektiewe lyste sal gekontroleerd plaasvind. Dit is belangrik dat u op hoogte is van hierdie risikos asook maatreels om dit te bekamp alvorens u oorweeg om uself te boek vir ‘n elektiewe prosedure. Dit is ook belangrik om te besef dat bg. ter enige tyd kan verander op kort kennisgewing soos omstandighede rondom die Covid-19 pandemie verander.

Ons vertrou dat u bogenoemde in orde sal vind en sou daar enige vrae ontstaan, is u welkom om dit met ons of ons staf te bespreek. Soos omstandighede verander sal ons daarby aanpas in ‘n poging om binne die toelaatbare raamwerk te funksioneer en ons deel te doen om die risiko van verspreiding van die Covid-19 virus met gepaardgaande risikos vir pasiente en ons staf, sover moontlik te beperk.

Dr. Adriaan van Zyl

Dr. Naas Terblanche

(01-05-2020)